



Vertroetel ek 'n wolf in skaapsklere in my tuin?

<http://www.invasives.org.za>

Kyk onder plante en toets aan die sagte wolskapies in jou tuin!

Daar bestaan regulasies wat bepaal dat sekere plante as indringerplante geklassifiseer word.

Hoe beïnvloed dit my?

Kategorie 1a en 1b indringer plante moet beheer en uitgeroei word. Kategorie 2 plante kan net gegroei word wanneer die eienaar 'n permit vir die plante bekom en seker maak dat die plante nie buite sy erfgrense versprei nie.

'n Grondeienaar gaan ingevolge hierdie regulasie, reeds van krag, inspeksies deur Departement van Omgewingsake moet toelaat.

Baie belangrik:

Wanneer jy jou eiendom verkoop, **moet** jy aan voornemende Kopers openbaar dat daar bv Kategorie 2 plante op jou erf is, dat jy 'n permit daarvoor het en dat die Koper na oordrag, self, in sy eie naam om sodanige permit moet aansoek doen.

In kort:

Onthou om seker te maak dat jy jou eiendomsagent met verkoop hieroor vra!